CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

Brûe vir gemeentes na God se toekoms

Die oorgangsituasie, waar ’n predikant die gemeente verlaat, bied ’n wonderlike geleentheid vir nadenke en nuwe energie. As hierdie geleentheid kundig benut kan word, maak dit mooi moontlikhede oop vir die gemeente se voortgaande koninkrykswerk en ruimte vir heroriëntering ten einde ook te vra na die bestaansdoel van die gemeente.

Alhoewel die brugbediening nog nie baie algemeen is nie, is dit ook nie ’n nuutjie nie. Daar is al talle gemeentes (nie net hier nie, maar ook elders in die wêreld), wat met vrug hiervan gebruik gemaak het.

Brugpredikante kom nie met ’n vooraf uitgewerkte plan wat aan gemeentes voorgeskryf word nie. Wel soek hulle saam met die gemeenteleiers na die mees geskikte brug vir die bepaalde gemeente.

Brûe vir gemeentes na God se toekoms is 'n tydige en praktiese gidsboek vir gemeentes wat voor 'n oorgangstyd staan, of reeds 'n oorgang beleef.

- Die aanpak van die Gidsboek is ekumenies gedoen. Die skrywers is afkomstig uit vyf denominasies.
- Al die skrywers is opgeleide brugpredikante, behalwe twee, hoewel hulle die brugbediening-opset goed ken. Meer as die helfte van die skrywers (10) het al as brugpredikant in 'n gemeente opgetree, dws ken die praktyk. Anton Doyer en Bennie Brink het reeds elkeen in 4/5 gemeentes as brugpredikante diens gelewer. Dus ryke ervaring!
- Mens kan sê dat die Gidsboek die neerslag van die teorie en praktyk van die brugbediening in Suid-Afrika is. Sedert 2014 is gepoog om die Interim Ministry in Suidelike Afrika (oa ook in Namibië) te implementeer.
- Daar is in die Gidsboek ruimte gemaak vir diversiteit, vergelyk byvoorbeeld die keuse van die beroeping, of benoeming van die brugleraar.

Brûe vir gemeentes na God se toekoms word by die NG Kerk se Algemene Sinode in Oktober bekend gestel.